- ☞ “It is perhaps symbolic that Abraham Poliak, a professor of history at Tel Aviv University and no doubt an Israeli patriot, made a major contribution to our knowledge of Jewry's Khazar ancestry, **undermining the legend of the Chosen Race.**” (BI 226).

Ander uitspraak oor die herkoms van Judaïsme is:

- ☞ “The Talmud, our national religious creation which embodies the mental labours of **our ancient teachers** over a period of some eight hunderd years, and which has since become not only the pivot of the whole religious literature of our people, **but the main source from which Jewish law springs, ...**” (“The Student's Guide through the Talmud”⁸).
- ☞ “For this reason the Babylonian more than the Jerusalem Talmud became the fundamental possession of the Jewish people, the breath of its life, its very soul ...Even their knowledge of the Bible, the ancient history of Israel, the fiery and balmy words of the prophets, the outpouring of soul of the psalmists **were derived from the Talmud and colored by the**

Talmudic point of view.” (“Popular History of the Jews”¹⁴, Vol II, bl 447-448).

☞ “Judaism is indeed the reconstructed political ideal of many shattered peoples. ... **The main part of Jewry never was in Judea and had never come out of Judea.**” (“The Outline of History”⁴¹).

Die hedendaagse Jood is derhalwe hoofsaaklik van nie-Israelitiese afkoms en beoefen 'n Babiloniese godsdiens met die Talmud, en nie die Skrif, as grondslag. Die term Judaïet^a, in plaas van Jood, behoort daarom eerder in die Bybel gebruik te word, aangesien die Hebreeuse woord na 'n nasaat van Juda verwys¹. Vervolgens kan die volgende stellings as die grootste leuens van vandag beskou word:

- 1) Die Jode is die uitverkore volk.
- 2) Die Jode lees die Ou Testament.
- 3) Die Jode praat Hebreeus.

Dit is dan ook geprofeteer dat Edom en ander nasies Israel van haar identiteit sal beroof en dat die nasies hieroor, Jahweh se wraak op hulle sal haal.

Eség 25:12 *So sê die Here HERE: Omdat Edom wraaksugtig gehandel het teen die huis van Juda en hom baie skuldig gemaak het en hom op hulle gewreek het -*

13 *daarom, so sê die Here HERE: Ek sal my hand uitstrek teen Edom en daaruit mens en dier uitroei; en Ek sal dit 'n puinhoop maak van Teman af, en tot by Dedan sal hulle deur die swaard val.*

14 *En Ek sal my wraak op Edom in die hand van my volk Israel gee, en hulle sal met Edom handel volgens my toorn en my grimmigheid; so sal hulle dan my wraak gewaar word, spreek die Here HERE.*

Eség 35:15 *Soos jy vrolik was oor die erfdeel van die huis van Israel,*

^aDie term word verkies omdat dit na 'n nasaat van Juda verwys, waar 'n Judeër 'n inwoner van Judea is²⁸.

omdat dit verwoes is, so sal Ek met jou maak: jy sal 'n wildernis word, o berg Seir en die hele Edom, almal saam. En hulle sal weet dat Ek die HERE is.

Eség 36:2 *So sê die Here HERE: Omdat die vyand ha, ha! oor julle roep; en: Die ewige hoogtes het vir ons 'n besitting geword!*

Eség 36:5 *daarom, so sê die Here HERE: Waarlik, in die vuur van my ywer spreek Ek teen die oorblyfsel van die nasies en teen die hele Edom wat my land vir hulleself as besitting bestem het - in volle vreugde van die hart, met diepste veragting - sodat die weiveld daarvan 'n buit sou wees.*

Jahshua vat dié profesieë in die gelykenis van die landbouers saam (Matt 21:33-46). In die gelykenis word na die landbouers verwys wat die erfdeel, naamlik die wingerd (Israel; sien [Jes 5:7](#) - bl [87](#)), in besit geneem het deur die seun dood te maak (Matt 21:38-39). Die koninkryk van God (die beroofde erfdeel/ wingerd) sal van hulle weggeneem word om aan 'n volk te gee wat die vrugte daarvan sal dra (Matt 21:43. Sien ook oor [Edomiete en slegte vrugte](#) - bl [2221-2423](#)). Die owerpriesters en Fariseërs het geweet Jahshua spreek hulle aan en wou Hom in hulle mag verkry (Matt 21:45-46). Hierdie Fariseërs en owerpriesters was dus Edomiete en wou die Seun doodmaak (sien Joh 8:37 - bl [2324](#)) om die wingerd in besit te neem (sien [Eség 35:15](#) - bl [2625](#) & [Eség 36:5](#) - bl [2725](#)). Teen die einde was dit dan ook die einste owerpriesters en Fariseërs wat Jahshua gekruisig het.

Open 3:9 *Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, **van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg** - Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het. (Sien ook [Mal 1:2-3](#) - bl [10598](#)).*

[DIE VERSTROOIING VAN ISRAEL](#)

As die hedendaagse Jood nie Israel verteenwoordig nie, het Israel as volk dan tot niet gegaan?

II Sam 7:24 *En U het u volk Israel vir U bevestig as 'n volk vir U tot in*

ewigheid; ...

- Ps 94:14 *Want die HERE sal sy volk nie verwerp en sal sy erfdeel nie verlaat nie;*
- Jes 44:21 *Dink aan hierdie dinge, o Jakob en Israel! Want jy is my kneg; Ek het jou geformeer; jy is my kneg, Israel! Jy sal deur My **nie vergeet word nie.***
- Eség 37:28 *En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom **vir ewig** in hulle midde sal wees.*
- Jer 31:35 *So sê die HERE wat die son gee tot 'n lig oordag, die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat sy golwe bruis, HERE van die leërskaar is sy Naam:*
- 36 ***As hierdie verordeninge voor my aangesig sal wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my aangesig vir altyd.***
- Mal 3:6 *Want Ek, die HERE, het nie verander nie; en julle, **kinders van Jakob, is nie verteer nie.***
- Rom 11:2 *God het sy volk wat Hy vantevore geken het, **nie verstoot nie...***
- Rom 11:26 *en so sal **die hele Israel gered word, ...***
- Israel as volk moet gevolglik nog bestaan.

Dit is egter geprofeteer dat Israel verstrooi sou word en in verborgenheid sou gaan.

- Deut 30:4 *Al was jou verstrooides aan die einde van die hemel, daarvandaan sal die HERE jou God jou versamel, en daarvandaan sal Hy jou gaan haal.*
- Ps 83:4 *Teen u volk smee hulle listig 'n plan en hou onder mekaar raad teen u verborgenes.*
- Ps 147:2 *Die HERE bou Jerusalem op; Hy versamel van Israel die wat verdryf is.*
- Jes 11:11 *En in dié dag sal die HERE weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en*

- Sínear en Hamat en uit die kuslande van die see;*
 12 *en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde.*
- Jer 23:3 *En Ek self sal die oorblyfsel van my skape versamel uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het; en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld, en hulle sal vrugbaar wees en vermenigvuldig.*
- Jer 23:8 *maar: So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die Noordland (verborge/onbekende land¹) en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het. En hulle sal woon in hulle land.*
- Jer 30:10 *Jy dan, wees nie bevrees nie, o my kneg Jakob, spreek die HERE; en wees nie verskrik nie, o Israel! Want kyk, Ek verlos jou uit ver plekke en jou nageslag uit die land van hulle gevangenskap; en Jakob sal terugkom en stil en gerus wees sonder dat iemand hom skrikmaak.*
- 11 *Want Ek is met jou, spreek die HERE, om jou te verlos. Want Ek sal 'n einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verstrooi het; maar aan jou sal Ek geen einde maak nie, maar Ek sal jou tugtig met mate, al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie.*
- Jer 31:8 *Kyk, Ek bring hulle aan uit die Noordland (onbekende¹) en sal hulle bymekaar laat kom uit die agterhoeke van die aarde; ...*
- Eség 6:8 *Maar Ek sal 'n oorblyfsel bewaar deurdadig daar vir julle sommige sal wees wat onder die nasies die swaard ontvlug, as julle verstrooi is in die lande.*
- Eség 11:17 *...So spreek die HERE: Ek sal julle bymekaar maak uit die volke en julle versamel uit die lande waarin julle verstrooi is, en Ek sal aan julle die land Israel gee*
- Eség 34:6 *My skape dwaal rond op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is my skape verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek.*

- Eség 34:12 *Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid.*
- 13 *En Ek sal hulle uitlei uit die volke en versamel uit die lande en hulle bring in hul land; en Ek sal hulle laat wei op die berge van Israel, in die klowe en in al die bewoonbare plekke van die land.*
- Eség 36:19 *En Ek het hulle verstrooi onder die nasies en hulle is versprei in die lande; ...*
- Eség 36:24 *En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in julle land bring.*
- Dan 12:7 *...en as hulle die mag van die heilige volk geheel verstrooi het,...*
- Hos 9:17 *My God sal hulle verwerp, omdat hulle na Hom nie geluister het nie, en hulle sal rond swerwe onder die nasies.*
- Sef 3:10 *Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente, my offerandes bring.*

Wat sê ander bekende Bybelkommentators en geskiedskrywers?

- ☞ “Probably individuals from all of the tribes returned to Jerusalem under Zerubabel, Ezra, and Nehemiah, **but speaking broadly, the dispersion of the ten tribes (Ephraim-Israel) still continues**; nor can they now be positively identified.” (“The Scofield Reference Bible”³⁵, bl 529-530).
- ☞ “..wherefore there are but two tribes in Asia and Europe subject to the Romans, **while the ten tribes are beyond the Euphrates till now, and are an immense multitude**, and not to be estimated by numbers.” (“Antiquities of the Jews”⁴². Boek 11, hoofstuk 5:2(133)).
- ☞ “If the Ten Tribes have disappeared, the literal fulfilment of the prophecies would be impossible; **if they have not disappeared, obviously they must exist under a different name.**” (“Jewish Encyclopedia”³⁶).

Die verstrooiing en verborgenheid van Israel is dus 'n geskiedkundige gebeurtenis wat tot vandag toe nog van toepassing is.

Na die ballingskap het die huis van Juda na Palestina teruggekeer.

Esra 1:5 *Toe het die familie hoofde van Juda en Benjamin klaargemaak, en die priesters en die Leviëte - elkeen wie se gees God opgewek het om op te trek, om die huis van die HERE wat in Jerusalem is, te bou.*

Die kerk beweer dat die twee huise (Juda en Israel) met dié terugkeer al verenig is; aldus geskryfte van Malan²⁹, van der Westhuizen³⁹, die Kommissie vir Sektebearbeiding van die N.G. Kerk van Transvaal²⁶ en “Die BoodsAPPER”³ (A.P. Kerk se nuusbrief). Die geskryfte omseil die feit dat Israel in verstrooiing gegaan het; asook die profesieë dat die skeiding van die twee huise van Israel eers na die kruisiging opgehef is en die koninkryk van Israel eers met die wederkoms ten volle herstel sal wees.

Joh 10:16 *Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal (Juda) behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees **een kudde, een herder.***

Joh 11:51 *...het hy geprofeteer dat Jesus vir **die volk** sou sterwe.*
52 *En nie alleen vir die volk nie, maar ook om **die verstrooide kinders van God tot 'n eenheid saam te voeg.***

Ef 2:14 *...Hy wat **albei** een gemaak en die **middelmuur** van skeiding afgebreek het. (Let wel, die middelmuur, nie die buite mure nie.)*

Eségiël profeteer oor die vereniging van die twee huise:

Eség 37:16 *En jy, mensekind, neem vir jou 'n stuk hout, en skrywe daarop: Vir Juda en vir die kinders van Israel, sy bondgenote; en neem 'n ander stuk hout en skrywe daarop: Vir Josef (die hout van Efraim) en die hele huis van Israel, sy bondgenote.*

17 *Voeg hulle dan vir jou bymekaar, die een by die ander, om een stuk hout te wees, en laat hulle een word in jou hand.*

Eség 37:21 *en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land.*

- 22 *En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeel wees nie.*
- 23 *En hulle sal hul nie meer verontreinig met hulle drekgode en hulle verfoeisels en met al hulle oortredinge nie; en Ek sal hulle verlos uit al hulle woonplekke waarin hulle gesondig het, en sal hulle reinig. So sal hulle dan vir my 'n volk wees, en Ek vir hulle 'n God wees.*
- 24 *En my kneg Dawid sal koning oor hulle wees, en hulle almal sal een herder hê; en hulle sal in my verordeninge wandel en my insettinge onderhou en daarna handel.*
- 25 *En hulle sal woon in die land wat Ek aan my kneg Jakob gegee het, waar julle vaders in gewoon het; ja, hulle sal daarin woon, hulle kinders en hulle kindskinders tot in ewigheid; en my kneg Dawid sal hulle vors wees vir ewig.*

Dié profesie is nog nie in vervulling nie, want Dawid is nog nie weer koning nie. Persone van die huis van Israel wat saam met die huis van Juda in Esra se tyd na Palestina teruggekeer het, kon dus net as individu teruggekeer het, en nie as die huis van Israel nie.

‘N ANDER NAAM

Kan die biologiese nasate van Abraham, Isak en Jakob vandag geïdentifiseer word? Die volgende aanhalings toon dat Israel nie die donker Jode of enige nie-Blanke volk kan wees nie:

- ☞ “to show blood in the face, i.e. flush or turn rosy: - be (dyed, made) red (ruddy).” (Die betekenis van Adam se naam¹).
- ☞ “to be white” (Die betekenis van Laban, Jakob se skoonpa, se naam¹).
- ☞ “How fair are her breasts and how beautiful all her whiteness. (Beskrywing van Sara in die Dooie See manuskripte se apokriewe boek oor Génesis⁴⁰).

- ☞ “His hair is the color of wine, straight and without lustre, but from the level of the ears curling and glossy. His forehead is even and smooth, his face without blemish and enhanced by a tempered bloom, his countenance ingenuous and kind. Nose and mouth are in no way faulty. His beard is full, of the same color as his hair, his eyes blue and extremely brilliant.” (Beskrywing van Jahshua deur Pontius Pilatus in 'n brief aan sy vriend Publius Lentulus²⁰).
- ☞ “His golden-colored hair and beard gave to his appearance a celestial aspect. (Pontius Pilatus se beskrywing van Jahshua aan keiser Tiberuis Caesar³¹).

Ps 51:9 ...was my, dat ek witter kan wees as sneeu.

Hoog 5:10 My beminde is skitterend wit en rooi, ...

Hoog 5:14 ...sy liggaam 'n kunswerk van ivoor, ...

Jes 29:22 ...Jakob sal nou nie meer beskaamd staan nie, en nou sal sy aangesig nie meer bleek word nie;

Klaag 4:7 ...Haar vorste was helderder as sneeu, witter as melk, rooier van liggaam as korale, hulle gestalte 'n saffier.

Eség 36:32 ...Skaam julle en bloos oor julle weë, o huis van Israel.

Slegs die Blanke ras voldoen aan hierdie beskrywings en is derhalwe sinoniem met die Adamitiese ras. Daar is genoeg geskiedkundige en wetenskaplike bevestiging hiervoor, maar vir die doel van die publikasie word by die Bybelse en aanverwante getuïenisse volstaan. Indien dit nie as genoegsame bewyse dien nie, kan die boek van Haberman¹⁹ as 'n aanvangspunt vir verdere studie gelees word.

Dit is verder geprofeteer dat Israel 'n ander naam sal verkry.

Jes 62:2 ...en jy sal met 'n nuwe naam genoem word wat die mond van die HERE sal noem.

Jes 65:15 ...Maar sy knegte sal Hy noem met 'n ander naam,

Die profesie kom in vervulling in die tydperk kort na die hemelvaart.

Hand 11:26 ...en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.

Jesaja het ook die volgende geprofeteer:

Jes 43:21 *Die volk wat Ek vir My geformeer het, hulle sal my lof verkondig.*

Watter volk het Hy vir Hom geformeer?

Jes 43:1 *Maar nou, so sê die HERE, **jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel:** ... (Sien ook [Jes 43:15](#) - bl [4038](#), [Jes 44:2](#) - bl [1816](#), [Jes 44:21](#) - bl [2826](#), [Jes 44:24](#) - bl [1312](#), [Jes 45:11](#) - bl [87](#) & [Jes 54:5](#) - bl [1816](#)).*

Die Christenvolke wat Jahweh se lof verkondig moet gevolglik die verborge Israel verteenwoordig. Wie is die Christenvolke van vandag? Watter volke is bereid om as 'n Christenvolk bekend te staan? Nie een nie-Blanke volk is bereid om dit te sê nie. Dit is slegs die Europese nasies, waarvan die Afrikaners 'n sprekende voorbeeld is ongeag die geestelike verval. Die Christelike godsdiens word met die Blanke geassosieer. Watter volke of ras verkondig Sy lof? Wie is verantwoordelik vir Bybelverspreiding, sendingwerk, evangelisasie, barmhartigheidsdienste ensovoorts? Vat die Blanke in die plekke weg waar die dienste sogenaamd floreer en kyk wat gebeur!

Israel bestaan dus vandag nog as die fisiese nasate van Jakob, wat in verstrooiing en in verborgenheid gegaan het. Uit al die voorafgaande gegewens is dit ook duidelik wie Israel vandag is. Die kerk wat 'n vergeestelike Israel, deur 'n mengelmoes van alle nasies (rasse) moet verteenwoordig, is op sy beste 'n mite. Die kerk wat wit, swart, bruin, geel en bont kan wees, is sogenaamd almal deel van een liggaam. Wie se liggaam?? Is dit nie die beeld (Baäl) in Nebukadneser se droom nie? Die kop van een, die bors van 'n ander, die buik van dit, die bene van dat en werklikwaar, voete van klei!

HOOFSTUK 4

WIE IS DIE NASIES EN WIE IS DIE HEIDENE?

Daar is reeds uit die Nuwe Testament in hoofstuk 2 aangetoon dat Jahshua slegs vir Israel gekom het en nie die wet of die profete ontbind het nie. Voordat daar verder na die Nuwe Testament gekyk word, moet besef word dat in die Nuwe Testament niks nuuts is nie. Alles is net bevestiging van die Ou Testament. Daar is geen nuwe boodskap, nie 'n nuwe wet nie of 'n nuwe profesie nie. Selfs die ou verbond se beloftes word in die nuwe verbond behou. (Alhoewel Jahweh van Israel geskei het, het die ou verbond/testament eers met die dood van Jahshua verval. 'n Nuwe verbond/huwelik kan slegs gesluit word na die dood van een van die betrokkenes, in die geval Jahweh self. Sien oor [huwelikswette](#) - bl 1745). Sekere profesieë en tekens is in die Nuwe Testament vervul en word deur ander tekens, met dieselfde betekenis en boodskap as die vorige tekens, voortgesit. (Byvoorbeeld die nagmaal waar die wyn, net soos die bloed van die paaslam tydens die pasga, op die bloed van Jahshua dui. Die pasga het onder andere op Sy bloed gedui wat gestort sou word, waar die nagmaal, ook onder andere, op Sy bloed dui wat gestort is. Al twee dra die boodskap van vergifnis). Jahshua en die apostels preek vanuit die Ou Testament en verklaar en vervul profesieë van die Ou Testament. Selfs Openbaring is nie 'n nuwe profesie nie. Hierdie profesie oor die eindtyd is in byna al die profesieë, maar veral in Daniël opgeteken. Openbaring gee net meer besonderhede.

Verder is die enigste sinvolle metode van Bybeluitleg om die Bybel homself te laat verklaar. Hierdeur kan geen menslike interpretasie aan die Skrif gegee word nie. Guthrie¹⁸ verklaar dan ook in Young se konkordansie “But how do we know that God has spoken through His word? The best answer to that question is to note how the Old Testament is quoted in the New Testament.

...There is no suggestion that what the Old Testament says can be ignored.” So verduidelik Jahshua vanuit die Ou Testament wie Hy is.

Luk 24:25 *En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo alles wat die profete gespreek het!*

Luk 24:27 *En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.*

Joh 5:39 *Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van my getuig.*

Joh 5:46 *Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe.*

47 *En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?*

Die Nuwe Testament kan dus nie sonder die Ou Testament gelees of vertolk word nie. Die stelling sal vervolgens in terme van evangelieverkondiging, vanuit die Nuwe Testamentiese boeke gestaaf word.

DIE EVANGELIES

Jahshua gee die sendingopdrag soos volg:

Matt 28:19 *Gaan dan heen, maak dissipels van al **die** nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Mark 16:15 *En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. (Mark 16:9-20 is volgens die nuwe Afrikaanse Bybel⁶ 'n byvoegsel).*

Volgens die Ou Testament is die beloftes van Jahweh slegs aan Israel gemaak. Jahweh is egter 'n onveranderlike God. Waarom sal Hy nou Sy beloftes verbreek? Nee, want *Ek sal my verbond nie onheilich nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie* (Ps 89:35). Daar moet derhalwe dieper na die opdragte gekyk word.

Jahshua verklaar die volgende aan Sy dissipels:

Joh 20:21 ...**Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.**

Hoe het die Vader Hom gestuur?

Matt 15:24 ...**Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel.** (Sien [Eség 34:12-13](#) - bl [3028](#)).

Luk 19:9 *Toe sê Jesus aan hom: Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom, aangesien hierdie man ook 'n seun van Abraham is.*

10 ***Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is.***^a

Dit wat verlore is, is voorheen besit. Wie was voorheen besit?

Deut 7:6 *Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees.* (Sien ook [Lev 20:26](#) - bl [6864](#), [Deut 14:2](#) - bl [4138](#), [Deut 26:18](#) - bl [1614](#), [Ps 135:4](#) - bl [6562](#), [Jes 43:1](#) - bl [4138](#) & [Eség 34](#)).

Verder bid Jahshua in Getsémané ook net vir die wat aan Hom gegee is.

Joh 17:9 *Ek bid vir hulle; Ek bid nie vir die wêreld nie, maar vir die wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.*

Wie is vir Hom gegee?

Joh 17:14 *Ek het hulle (dieselfdes as vers 9) u woord gegee, en die wêreld het hulle gehaat, omdat hulle nie van die wêreld is nie, net soos Ek nie van die wêreld is nie.*

Wie is van die wêreld?

Joh 8:23 *En Hy sê vir hulle (addergeslag): Julle is van benede, Ek is van bo; julle is uit hierdie wêreld, Ek is nie uit hierdie wêreld nie.*

Wie is nie uit die wêreld nie?

^aEség 34:16 *Die wat verlore is, sal Ek soek, en wat weggedryf is, sal Ek terugbring, ...*

I Joh 4:4 *Julle is uit God, my kinders, en het hulle oorwin, omdat Hy wat in julle is, groter is as hy wat in die wêreld is.*

5 *Hulle is uit die wêreld; daarom praat hulle uit die wêreld, en die wêreld luister na hulle.*

Wie is uit God?

Joh 3:3 *Jesus antwoord en sê vir hom (Nikodémus): Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou as iemand nie weer (van bo¹) gebore word nie kan hy die koninkryk van God nie sien nie.*

In die teks beteken “weer” (Grieks = “anōthēn”) “**from above**; by anal. **from the first**; by impl. **anew**: - from above, again, from the beginning (very first), the top”¹. In die konteks dus van Adam (“from the first”)^a, of eerder van God (“from the beginning (very first)”) ^b aangesien Hy van bo is (sien [Joh 8:23](#) - bl [3735](#)). Gebore kom van “gënnāō” wat verwek beteken en wat op sy beurt van “gëñōs” afgelei is wat bloedverwantskap (“kin”) beteken¹. Wie is dan van bo (uit God) gebore?

Jer 31:9 *...Want Ek is vir Israel 'n Vader, en Efraim is my eersgeborene. (Sien ook [Deut 14:1](#) - bl [1342](#) & [Luk 3:38](#) - bl [1342](#)).*

Die duiwel is weer op sy beurt die vader van diegene wat nie vanuit God gebore is nie, maar wat van benede en uit die wêreld is ([Joh 8:19, 21, 23, 38-39, 41-44 & 47](#) - bl [2019-2120](#)). Daarom het die Vader die Seun net na die verlore skape van Israel gestuur wat deur Adam van bo/vanuit God gebore (van Sy bloed) is.

Soos die Vader Jahshua gestuur het, het Hy Sy dissipels gestuur.

Joh 17:18 *Soos U My gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die*

^aLuk 3:38 *...Adam, die seun van God.*

^bOpen 1:8 *Ek is die Alfa en die Oméga ...*

Joh 1:1 *In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. (Sien ook [Jes 48:12](#) - bl 8).*

wêreld gestuur. (Sien ook [Joh 20:21](#) - bl [3734](#)).

Hoe is die dissipels gestuur?

Matt 10:5 *Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en hulle bevel gegee en gesê: Moenie gaan op die pad na die heidene nie, en moenie ingaan in 'n stad van die Samaritane nie;*

6 *maar gaan liewer^a na **die verlore skape van die huis van Israel.***

Matt 10:23 *...Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.*

Dit is dus duidelik dat net soos die Vader vir Jahshua slegs na Israel gestuur het, het Jahshua ook die dissipels slegs na Israel gestuur.

In Matt 28:19 word nie van “alle nasies” nie, maar van “al **die** nasies” gepraat. Wie is dié nasies?

Eség 2:3 *Hy sê toe vir my: Mensekind, Ek stuur jou na **die kinders van Israel, na die opstandige nasies** wat teen My opgestaan het;...*

Hand 15:17 *sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, **en al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is**, spreek die Here wat al hierdie dinge doen.*

Oor wie is Sy Naam uitgeroep?

Deut 28:10 *En al die volke van die aarde sal sien dat die Naam van die **HERE oor jou (Israel) uitgeroep is**, en hulle sal vir jou vrees.*

II Kron 7:14 ***en my volk (Israel), oor wie my Naam uitgeroep is, ...***

Die nasies van Matt 28:19 verteenwoordig gevolglik Israel volke, want na die nageslag van Jakob (12 stamme) word dikwels as volke verwys.

Gén 28:3 *En mag God, die Almagtige, jou seën en jou vrugbaar maak en jou vermeerder, sodat jy (Jakob) **'n menigte van volke** kan word.*

^aGrieks = “mallōn” wat “more (in a greater degree) (so) much (the more)” beteken¹. Dus “ver eerder” of “so veel te meer”.

Rig 12:2 *Maar Jefta sê vir hulle (Efraim): Ek en **my volk** het 'n hewige twis met die kinders van Ammon gehad, ...*

Hand 4:27 *...en die **volke** van Israel ...*

Is Sy Naam dan nie oor alle nasies uitgeroep nie?

Jes 63:19 *Ons het geword soos hulle oor wie U nie van ouds af geheers het nie, **oor wie u Naam nie uitgeroep is nie.***

Deut 23:3 *Geen Ammoniet of Moabiet mag in die vergadering van die **HERE** kom nie; ...*

Sag 14:21 *...en in dié dag sal daar geen Kanaäniet in die huis van die **HERE** van die leërskare meer wees nie.*

Mal 1:4 *...Die volk (Edom) waarop die **HERE** vertoornd is tot in ewigheid!*

Sy Naam is dus nie oor die nie-Israel volke uitgeroep nie, want Hy heers van ouds af en tot in ewigheid slegs oor Israel. (Dit beteken nie, soos in die geval van die Kanaäniete en die Edomiete, dat alle ander volke vervloek is nie).

Jes 43:15 *Ek is die **HERE**, julle Heilige; **die Skepper van Israel, julle Koning.***

Luk 1:32 *Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee,*

33 ***en Hy sal koning wees oor die huis van Jakob tot in ewigheid, en aan sy koninkryk sal daar geen einde wees nie.** (Sien ook [Jes 44:6](#) - bl [13+2](#), [Jes 44:24](#) - bl [13+2](#) & [Joh 1:50](#) - bl [12+4](#)).*

Ongeag of Mark 16:9-20 'n byvoegsel is of nie, moet Mark 16:15 (...*verkondig die evangelie aan die ganse mensdom*) ook soos al die nasies van Matt 28:19 in die lig van die ganse Skrif gesien word, naamlik:

Eség 34:30 *Maar hulle sal weet dat Ek, die **HERE** hulle God, met hulle is, en dat hulle, **die huis van Israel, my volk is, spreek die Here HERE.***

31 *En julle is my skape, die skape van my weide; **julle is mense,***

Ek is julle God, spreek die Here HERE.

In 'n Bybelse konteks is Israel mense (Adamiete¹)! Net so verwys die betekenis van mensdom (Grieks = “ktisis”) na 'n “original formation”¹ (Adam) en is as “creatures” in die Engelse Bybel³⁵ vertaal. “Ktisis” is afgelei van “ktizo” wat vervaardig, skep of skepper beteken, deurdat dit op die eienaarskap van die vervaardiger/skepper/maker dui (“through the idea of proprietorship of the manufacturer”) ¹. “Ktizo” is op sy beurt weer verwant aan “ktaomai” wat besit beteken ¹. Met ander woorde die mensdom van Mark 16:15 is skepsels van wie die Skepper die eienaarskap/besittingsreg het. Jahweh het dan ook slegs vir Israel tot Sy eiendom verklaar.

Jes 43:1 *Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!*

Deut 14:2 *Want jy is 'n volk heilig aan die HERE jou God, en jou het die HERE uitverkies om sy eiendomsvolk te wees uit al die volke wat op die aarde is.* (Sien ook [Lev 20:26](#) - bl [6864](#), [Deut 7:6](#) - bl [3735](#), [Deut 26:18](#) - bl [1614](#) & [Ps 135:4](#) - bl [6562](#)).

Verder moet ook in gedagte gehou word watter evangelie aan die ganse mensdom verkondig moet word.

Matt 9:35 *En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees.*

Mark 1:14 *En nadat Johannes oorgelewer was, het Jesus in Galiléa gekom en die evangelie van die koninkryk van God verkondig.*

Waaruit bestaan die koninkryk van God?

Ps 114:2 *het Juda sy heiligdom geword, Israel sy ryksgebied.* (Sien ook [Jes 44:6](#) - bl [1342](#), [Jes 43:15](#) - bl [4038](#), [Luk 1:33](#) - bl [4038](#) & [Joh 1:50](#) - bl [1211](#)).

As Jahshua dan slegs vir Israel gekom het, wat van die barmhartige Samaritaan (Luk 10), die Samaritaanse vrou (Joh 4) en die Siro-Feniciëse of Kananése vrou (Matt 15 en Mark 7)? Die gelykenis van die [barmhartige Samaritaan](#) word op bl [9589](#) behandel. Die Samaritaanse vrou was 'n Israeliet want sy sê

vir Jahshua: *U is tog nie groter as ons vader Jakob nie, ...* (Joh 4:12). In die geval van die Siro-Feniciese vrou is daar geen sprake dat sy bekeer of gered word in terme van die evangelie nie. Intendeel, Jahshua sê eerstens vir die dissipels: *...Ek is net gestuur na die verlore skape van die huis van Israel* (Matt 15:24); en toe vir die vrou: *...Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie* (Matt 15:26). (Volgens Open 22:15 sal die honde nie die nuwe Jerusalem binne gaan nie). Ten laaste sê Jahshua vir haar: *...laat dit vir jou wees soos jy wil hê ...* (Matt 15:28); en ook: *...Ter wille van hierdie woord kan jy gaan ...* (Mark 7:29). Sy het daarom slegs die krummels ontvang en nie die brood nie. Met ander woorde sy het net gekry wat sy gevra het, naamlik haar dogter het gesond geword.

HANDELINGE

Volgens Handelinge het die apostels die evangelie aan heidene (volgens die kerk, nie-Israeliete) verkondig. Jahshua ontken egter nie dat Hy die koninkryk van Israel weer gaan oprig nie, maar antwoord Sy dissipels op 'n sodanige vraag slegs in terme van tyd en gebeurlikhede.

- Hand 1:6 *Die wat bymekaargekom het, vra Hom toe en sê: Here, gaan U in hierdie tyd die koninkryk vir Israel weer oprig?*
- 7 *En Hy antwoord hulle: **Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie;***
- 8 *maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde.*

Met die uitstorting van die Heilige Gees hoor Parthers, Meders, Elamiete, Mesopotamiërs, Kappadociërs, Asiërs, Frigiërs, Pamfiliërs, Egiptenare, Libiërs, Romeine, Kretense, Arabiere ensovoorts van die groot daad van God in hulle eie taal (Hand 2:8-11). Dit moet eerstens in gedagte gehou word dat Jahweh

se gees slegs oor Israel uitgegiet is.

Eség 39:29 *En Ek sal my aangesig nie meer vir hulle verberg nie, omdat Ek my Gees oor die huis van Israel uitgegiet het, spreek die Here HERE. (Sien ook Jes 44:3 - bl 1413).*

Afgesien hiervan, verwys Lukas buitedien na hierdie mense se identiteit.

Hand 2:5 *En daar het in Jerusalem Jode (Judaiete) gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is.*

Tydens dieselfde geleentheid het Petrus ook hierdie mense se identiteit vermeld deur hulle soos volg aan te spreek:

Hand 2:22 *Israeliete, luister na hierdie woorde! ...*

Petrus sluit sy toespraak met die volgende af:

Hand 2:36 *Laat dan die hele huis van Israel sekerlik weet dat God Hom Here en Christus gemaak het, hierdie Jesus wat julle gekruisig het.*

In teenstelling met wat algemeen aanvaar word, het die Apostels met dié eerste geleentheid die evangelie slegs aan Israeliete verkondig.

In die tempel preek Petrus vir Israeliete en verwys ook na hulle herkoms.

Hand 3:13 *Die God van Abraham en Isak en Jakob, die God van ons vaders, het sy Kind Jesus verheerlik, ...*

Hand 3:22 *Want Moses het tot die vaders gespreek: Die Here julle God sal vir julle 'n profeet verwek uit julle broeders net soos ek is; na Hom moet julle luister volgens alles wat Hy met julle sal spreek. (Deut 18:15).*

23 *En elke siel wat nie na die Profeet luister nie, sal uit die volk uitgeroei word. (Deut 18:19).*

Hand 3:25 *En julle is kinders van die profete en van die verbond wat God met ons vaders gesluit het toe Hy vir Abraham gesê het: En in jou saad sal al die geslagte van die aarde geseën word. (Gén 22:18).*

Petrus gaan later voor die owerstes voort met onder andere die volgende:

Hand 4:8 *Daarop sê Petrus, vervul met die Heilige Gees, aan hulle:*

Owerste van die volk en ouderlinge van Israel,

Hand 4:10 *laat dit bekend wees aan julle almal en aan **die hele volk van Israel ...***

Hand 5:31 *Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan **Israel** bekering en vergifnis van sondes te skenk.*

Petrus het die wet en die profesieë geken en het daarom volgens die lossingsreg, 'n evangelie van verlossing slegs aan Israel verkondig. (Sien

VERLOSSING - bl [124](#), **Jes 59:20** - bl [5855](#) & **Tit 2:14** - bl [6259](#)).

Stéfanus het ook soos Petrus vir Israëliete gepreek.

Hand 7:15 *En Jakob het afgetrek na Egipte en daar gesterwe, hy en **ons vaders**.*

Stéfanus verduidelik verder van uit die Ou Testament die verlossing van Israel.

Hand 7:33 *Toe sê die Here vir hom (Moses): **Trek die skoene van jou voete af, want die plek waarop jy staan, is heilige grond.***

Hand 7:34 *Ek het duidelik gesien die mishandeling van **my volk** wat in Egipte is, en hul gesug gehoor en neergedaal om hulle te verlos. ... (Ex 3: 7-8).*

Hand 7:37 *Dit is dié Moses wat aan **die kinders van Israel** gesê het: Die Here julle God sal vir julle 'n Profeet verwek uit julle broers net soos ek is; na Hom moet julle luister. (Deut 18:15).*

Hand 8:26-40 beskryf waar Filippus vir die hofdienaar van Ethiopië die evangelie verkondig en hom doop. Wie was die hofdienaar?

Hand 8:27 *...en na Jerusalem gekom het om te aanbid.*

28 *En hy was op die terugreis en het op sy wa gesit en die profeet Jesaja geles.*

Die hofdienaar kon net 'n Israëliet gewees het, want waarom reis hy na Jerusalem om te aanbid en bestudeer hy die Hebreeuse geskrifte van Jesaja? Hy was nog nie bewus van Jahshua se kruisiging nie en het dus volgens die ou verbond geleef. Met die ou verbond was daar geen onduidelikheid gewees oor wie die volk van Jahweh is nie. Hierdie gebeurtenis het ook plaasgevind

voordat Petrus die gesig van die laken met die rein en onrein diere gesien het. Die Apostels was toe nog onder die indruk dat die Evangelie slegs vir Judaïete was (Hand 10:28. Sien ook oor die [onbesnedenes](#) - bl [4542-4745](#)). Waarom sou Filippus op die stadium 'n Ethiopiër gedoop het sonder dat daar twiste, soos oor Cornelius se doop, ontstaan het? Om te beweer dat hy 'n swarte was³⁸, is verregaande. Die Ethiopiërs van daardie tyd was in elk geval 'n Semitiese stam³⁰ en eweneens 'n Adamitiese ras gewees, wat noodwendig beteken dat hulle blankes was. (Semiete behoort tot dieselfde rasse klassifikasie as die Europeërs³⁰. Sien ook '[N ANDER NAAM](#) - bl [3234](#)).

In Hand 11 verantwoord Petrus homself voor die gemeente omdat hy die onbesnede Cornelius gedoop het. Wie was hierdie Cornelius?

Hand 10:1 ...*Cornelius, 'n hoofman oor honderd van die sogenaamde Italiaanse leërafdeling.*

2 *Hy met sy hele huis was vroom en godvresend en het baie aalmoese aan die volk gegee en was altyddeur in die gebed tot God.*

Hand 10:22 ...*Cornelius, 'n hoofman oor honderd, 'n regverdige en godvresende man, wat 'n goeie naam het by die hele Joodse nasie,*

Net soos Josef, Moses en Daniël hoë regeringsamptenare in ander volke se diens was, was Cornelius 'n hoof oor 'n Italiaanse leërafdeling. Cornelius was 'n Israeliet want hy het aalmoese aan die volk gegee en was 'n godvresende man. Hy was waarskynlik nie 'n Judaïet nie, maar 'n onbesnede van die tien stammeryk. Petrus sê wel in Hand 10:28 dat hy geen mens onheilig of onrein mag noem nie. Dit is na aanleiding van die gesig wat hy gesien het waar God uitdruklik gesê het: ...*Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie* (Hand 10:15). Die hele volk Israel is heilig/rein, ongeag die besnydenis.

Eség 37:28 *En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat **Israel heilig as my heiligdom** (en) vir ewig in hulle midde sal wees.*

Paulus het in Antiochîë, net soos Petrus en Stéfanus, 'n evangelie van verlossing slegs aan Israeliete verkondig.

- Hand 13:16 *Toe staan Paulus op, wink met die hand en sê: **Israeliete en^a** julle wat God vrees, luister!*
- 17 ***Die God van hierdie volk Israel het ons vaders uitverkies** en die volk verhoog toe hulle bywoners in Egipteland was, en met 'n hoë arm daaruit gelei.*
- Hand 13:23 *Uit die nageslag van hierdie man (Dawid) het God **vir Israel**, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek,*
- 24 *nadat Johannes voor sy koms eers die doop van bekering **aan die hele volk van Israel** verkondig het.*
- Hand 13:26 *Broeders, **kinders van die geslag van Abraham**, en^b die onder julle wat God vrees, vir julle is hierdie woord van verlossing gestuur.*

Na aanleiding hiervan kon die heidene, tot wie Paulus hom later gewend het (Hand 13:46), net Israeliete van die tien stammeryk gewees het. Paulus motiveer die stap deur uit Jesaja aan te haal (Hand 13:47).

Jes 49:6 *Hy het gesê: Dit is te gering dat U my Kneg sou wees om op te rig **die stamme van Jakob en terug te bring die gespaardes in Israel: Ek het U gemaak tot 'n lig van (vir) die nasies** (stamme van Jakob en gespaardes van Israel), om my heil te wees tot aan die einde van die aarde. (Sien ook die nuwe Afrikaanse vertaling⁶).*

Hand 15 beskryf ook 'n twis wat oor die besnydenis ontstaan het (...As julle nie besny word volgens die gebruik van Moses nie, kan julle nie gered word nie - Hand 15:1). Na aanleiding hiervan sê Jakobus:

- Hand 15:14 *Símeon het vertel hoe God in die begin uitgesien het om 'n volk uit die heidene vir sy Naam aan te neem.*
- 15 ***En hiermee stem die woorde van die profete ooreen**, soos*

^aGrieks = “kai” wat onder andere ook as “indeed” (inderdaad), “likewyse” (eweneens), “moreover” (te meer) en “so” (dus) verklaar word^{1 & 27}.

^bInderdaad/eweneens/te meer/dus – Sien [voetnota^a](#) op bl 36.

geskrywe is:

- 16 *Daarna sal Ek terugkom en **die vervalle hut van Dawid** weer oprig, en wat daarvan verwoes is, sal Ek weer oprig en dit herstel,*
- 17 *sodat die oorblyfsel van die mense die Here kan soek, en al die **nasies oor wie my Naam uitgeroep is**, spreek die Here wat al hierdie dinge doen. (Amos 9:11-12. Sien ook oor [die nasies](#) - bl [3937-4038](#)).*

Die heidene was gevolglik onbesnede Israeliete gewees, want waarom verklaar Paulus die volgende in Rome?

Hand 26:6 *En nou staan ek tereg oor **die hoop op die belofte wat aan die vaders deur God gedoen is**,*

Hand 26:7 *waartoe **ons twaalf stamme** wat God aanhoudend dag en nag dien, hoop om te kom; ...*

Hand 28:20 *...dit is oor die hoop van **Israel** dat ek met hierdie ketting geboei is.*

So het Jahshua ook in Joh 10:16 verklaar dat Hy *het nog ander skape* (verheidense, onbesnede en vervreemde Israeliete) *wat nie aan hierdie stal (Juda) behoort nie.* (Sien ook [Ef 2:11-12](#) - bl [5754](#) & **DIE VERSTROOING VAN ISRAEL** - bl [2726](#)).

ROMEINE

Met Paulus se brief aan die Romeine word aanvaar dat die Romeine nie-Israeliete is. Indien 'n persoon sekere beloftes in 'n brief aan die geadresseerde maak, kan enige ander leser wat nie die geadresseerde is nie, sekerlik nie sodanige beloftes opeis nie. So, aan wie rig Paulus dan sy brief?

Rom 1:6 *onder wie julle ook is **geroepenes** van Jesus Christus -*
 7 *aan al die **geliefdes** van God, **geroepe heiliges** wat in Rome is:...*

Wie is die geroepenes?

Jes 45:3 ...sodat jy kan weet dat Ek die **HERE** is wat **jou by jou naam roep**, die God van Israel;
 4 ter wille van Jakob my kneg, en Israel, my uitverkorene, het Ek jou by **jou naam geroep**; **Ek het jou 'n ere naam gegee**, hoewel jy My nie geken het nie. (Sien ook [Jes 43:1](#) - bl [4138](#) & [Jes 48:12](#) - bl [98](#)).

Geroepenes kom van die Griekse woord “klētōs” wat soos “klēsis” (roeping), 'n vorm van “kalēō” is wat roep beteken¹. Gemeente kom van die Griekse woord “ēkklēsia” wat uitroep beteken en word veral in die sin van 'n godsdienstige samekoms gebruik¹. Die woord is ook van “kalēō” (roep) afgelei¹. Israel is as volk geroepe en 'n godsdienstige samekoms van Israëliete (uitgeroepenes) is dus 'n gemeente. Waar *twee of drie in Sy (my) Naam vergader* (Matt 18:20), vorm inderdaad 'n gemeente. 'n Kerk, met sy organisasie en strukture, pas daarom nie by die definisie van 'n gemeente in nie.

Wie is die geliefdes?

Deut 10:15 *Maar **net aan jou vaders** het die **HERE** 'n welgevalle gehad om **hulle lief te hê**, en Hy het julle, hulle nageslag ná hulle, **uit al die volke uitverkies**, soos dit vandag is.*

Jer 31:3 *Die **HERE** het aan my verskyn uit die verte: Ja, **Ek het jou (Israel) liefgehad met 'n ewige liefde**; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid. (Sien ook [Deut 4:37](#) - bl [76](#) & [Deut 7:8](#) - bl [76](#)).*

Wie is die heiliges?

Deut 33:3 *Ja, **Hy het die stamme lief**. Al sy **heiliges** - hulle is in u hand;...*

Heilig (Hebreeus = “qôdesh”, Grieks = “hagiōs”) beteken met al sy verbuigings afgesonderd/apart (“set apart”)¹⁸. Die “Scofield Reference Bible”³⁵ verklaar “Infinite confusion would have been spared the reader if qodesh had been uniformly trans. “set apart””. Jahweh is dus 'n afgesonderde God vir Israel ('n God net vir Israel) en Israel is 'n afgesonderde volk vir Hom.

Deut 14:21 *...want jy is 'n **heilige (apart gestelde) volk aan die HERE***

jou God. ... (Sien ook Ex 19:6 - bl [6562](#), Deut 7:6 - bl [3735](#), Deut 14:2 - bl [4138](#), Deut 26:19 - bl [1614](#) & Deut 28:9 - bl [110403](#)).

Jes 43:3 *Want Ek is die **HERE**, jou God, **die Heilige (Afgesonderde) van Israel**, jou Heiland; ... (Sien ook Jes 43:14 - bl [1342](#), Jes 43:15 - bl [4038](#), Jes 45:11 - bl [87](#) & Jes 49:7 - bl [1442](#)).*

Paulus sê self in Hand 24:14 ...*terwyl ek alles glo wat in die wet en in die profete geskrywe is. Waarom sal hy nou 'n ander betekenis aan die geroepenes, geliefdes en heiliges hê?*

Daar word verder ook op verskeie plekke in die brief bevestig dat die Romeine Israeliete was.

Rom 4:1 *Wat sal ons dan sê, het **Abraham**, ons vader na die vlees verkry?* (Na die **vlees**, nie na die gees nie).

Rom 16:7 *Groet Andronicus en Júnias, my stamgenote ...*

Rom 7:1 *...want ek spreek met mense wat die wet ken ...*

Wie ken die wet?

Ps 147:19 *Hy maak aan **Jakob** sy woorde bekend, aan **Israel** sy insettinge en sy verordeninge.*

20 *So het Hy aan **geen enkele nasie gedoen nie**; en sy verordeninge, dié ken hulle nie. Halleluja!*

Jes 51:7 *Luister na My, julle wat die geregtigheid ken, volk in wie se hart my wet is! ... (Sien ook Ps 78:5-7 - bl [5552](#)).*

Die wet is verder slegs vir Israel gegee.

Deut 33:4 *Moses het ons die wet beveel, 'n besitting vir die vergadering van **Jakob**. (Sien ook Deut 33:10 - bl [110402](#), Deut 26:17-18 - bl [1514](#), **LIEFDE, VERSOENING EN VREDE** - bl [10396](#) & **ONDERHOUDING VAN DIE WET** - bl [108400](#)).*

Paulus verwys na hierdie Israelitiese Romeine ook as heidene (Rom 11:13) en wil sy eie volk (Juda) met hulle jaloers maak (Rom 11:14). Hy haal verder uit

die Ou Testament^a aan om te wys dat Jahweh Hom tot heidene sal keer. Uit Hos 1 is dit duidelik dat weens die huis van Israel se hoerery (verbondsverbreking), het Jahweh Hom nie meer oor hulle (Lo-Rugáma) ontferm nie (Hos 1:6), maar wel oor Juda (Hos 1:7). Die huis van Israel was toe nie meer Jahweh se volk nie (Lo-Ammi - Hos 1:9), maar 'n heidense volk soos die oor wie Sy Naam nie uitgeroep is nie (Jes 63:19 - bl 4037). Jahweh brei later wel Sy hande uit na dié verheidense volk wat Hom vergeet het en nie gesoek het nie, maar Hy sal haar lok en Hom laat vind (Jes 65:1-2 & Hos 2:12-13; sien ook Rom 10:20-21 - bl 5047). Volgens hierdie profesieë word Israel na hierdie ontferming weer die volk van Jahweh:

Hos 1:10 *Nogtans sal die getal van die kinders van Israel wees soos die sand van die see, wat nie gemeet en nie getel kan word nie; en inplaas dat aan hulle gesê word: Julle is nie my volk nie - sal aan hulle gesê word: Julle is kinders van die lewende God. (Sien Rom 9:26 - bl 5047).*

Hos 2:22 *En Ek sal haar saai in die land en My oor Lo-Rugáma*

^aRom 9:25 *Soos Hy ook in Hoséa sê: Ek sal die wat nie my volk is nie, my volk noem; en haar wat nie bemin is nie, beminde; (Hos 2:22 - bl 48)*

26 *en in die plek waar aan hulle gesê is: Julle is nie my volk nie! - daar sal hulle genoem word kinders van die lewende God. (Hos 1:10 - bl 48).*

Rom 10:19 *Maar ek vra: Het Israel dit miskien nie verstaan nie? Ten eerste sê Moses: Ek sal julle jaloers maak op dié wat geen volk is nie, en Ek sal julle toorn opwek teen 'n onverstandige volk. (Deut 32:21).*

20 *En Jesaja durf selfs sê: Ek het My laat vind deur die wat My nie gesoek het nie;*

21 *Maar van Israel sê Hy: Die hele dag het Ek my hande uitgebrei na 'n ongehoorsame en teësprekende volk. (Jes 65:1-2).*

ontferm, en aan Lo-Ammi sê: Jy is my volk; en hy sal sê: My God! (Sien Rom 9:25 - bl 5047).

Jes 65:9 *En Ek sal 'n nakroos uit Jakob laat voortkom en uit Juda die erfbesitter van my berge; en my uitverkorenes sal dit erflik in besit neem en my knegte daar in woon.*

Jes 65:19 *En Ek sal juig oor Jerusalem en bly wees oor my volk: ...*

Paulus verduidelik verder uit Jer 11:16-17^a (Rom 11:17-24, sien ook Jer 2:21 - bl 7873) hoe die wilde lote (verheidense Israeliete) van die olyfboom (Israel) afgebreek is. Hierdie wilde lote word weer op die olyfboom ingeëent **en so sal die hele Israel gered word** (Rom 11:26). Dit is dus duidelik dat Paulus vir die verheidense Israeliete verduidelik het dat die verlossingswerk van Jahshua ook vir hulle is.

- Eség 44:9 *So sê die Here HERE : **Geen uitlander, onbesnede van vlees, mag in my heiligdom^a ingaan, van al die uitlanders wat onder die kinders van Israel is nie.***
- Dan 2:43 *Dat u die yster gemeng met kleigrond gesien het - **hulle sal deur menslike gemeenskap onder mekaar vermeng raak, maar hulle sal nie aanmekaar vasklewe nie, net soos yster nie met klei meng nie.***
- Joël 3:17 *Dan sal julle weet dat Ek die HERE julle God is, wat woon op Sion, my heilige berg; dan sal Jerusalem 'n heiligdom (apartedom) wees waar geen vreemdes meer deur sal trek nie.*
- Mal 2:10 *Het ons nie almal een Vader nie? Het een God ons nie geskape nie? Waarom handel ons dan troueloos met mekaar, deur die verbond van ons vaders te ontheilig?*
- 11 *Juda het troueloos gehandel en 'n gruwel is in Israel en Jerusalem gepleeg; want Juda het die heiligdom^b van die HERE, wat Hy liefhet, **ontheilig, en hy het die dogter van 'n uitlandse god getrou.** (Gén 38:2).*
- 12 ***Mag die HERE van die man wat so iets doen, uitroei hom wat roep en hom wat antwoord gee uit die tente van Jakob, en hom wat 'n offer aan die HERE van die leërskaare bring.***
- Mal 2:13 *En boonop doen julle dít: julle bedek die altaar van die HERE met trane, met geweene en versugting, omdat Hy Hom nie meer wend na die offer nie en dit van julle hand nie aanneem as welgevallig nie.*
- 14 *En julle vra: **Waarom? Omdat die HERE getuie is tussen jou***

^aDie volk, en nie die kerk, is Sy heiligdom: *het Juda sy heiligdom geword, ... - Ps 114:2. Sien ook [Mal 2:11](#) - bl 74.*

^bDie volk is Sy heiligdom. Sien [Ps 114:2](#) - bl 39 & [Eség 44:9](#) - bl 74.

en die vrou^a van jou jeug aan wie jy ontrou geword het, terwyl sy tog jou metgesel is en die vrou van jou verbond.

15 *Het Hy dan nie een mens gemaak nie, hoewel Hy gees oor-gehad het? En waarom die een? **Hy het 'n geslag^b van God gesoek.** Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou aan die vrou^c van jou jeug nie.*

16 *Want Ek haat egskeiding, sê die **HERE**, die God van Israel, en dat 'n mens sy kleed met geweldpleging bedek, sê die **HERE** van die leërskare. Neem julle dan in ag ter wille van julle gees en wees nie ontrou nie.*

Matt 15:13 *Maar Hy antwoord en sê: Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word.^d*

II Kor 6:17 *Daarom, **gaan onder hulle uit en sonder julle af**, spreek die Here; ...*

Fil 2:15 *sodat julle onberispelik en opreg^e kan wees, kinders van God sonder gebrek te midde van 'n krom en verdraaide geslag^f (Deut 32:5) onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld,*

Hebr 12:14 *Jaag die vrede na met almal, **en die heiligmaking waarsonder***

^aDie vrou dui op die volk (Israel). Sien Jer 31; spesifiek verse 4, 13 & 21.

^bSaad-/geslagslyn - sien [voetnota^a](#) op bl 7.

^cDie volk (Israel) - sien [voetnota^a](#) op bl 74 & [voetnota^b](#) op bl 74.

^dIsrael is deur Jahweh geplant: *Want die **HERE** van die leërskare wat jou (Israel) geplant het, ...* - Jer 11:17. Sien ook [Jer 2:21](#) - bl 73.

^eGrieks = “akëraïōs” wat onvermeng beteken¹.

^fGrieks = “gëñëa” en Hebreus = “dôwr” (Deut 32:5) beteken beide ‘n generasie wat onderskeidelik ook op ‘n volk of nageslag kan dui¹.

niemand die Here sal sien nie;

- I Pet 1:15 *Maar soos Hy wat julle geroep het, **heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word,***
 16 *omdat daar geskrywe is: **Wees heilig, want Ek is heilig.***
- II Pet 2:21 *Want dit sou vir hulle beter wees as hulle die weg van geregtigheid^a nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle dit leer ken het, hulle afkeer van **die heilige (afsonderings-/apartheids-) gebod** wat aan hulle oorgelewer is.*
 22 *Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die hond het omgedraai na sy eie uitbraaksel, en die gewaste sog om in die modder te rol.*
- I Joh 3:9 *Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.^b*

Gén 6:9 verwys na Noag as 'n opregte man onder sy tydgenote. Die opregte (Hebreeus = “tâmîyn”) beteken “entire”¹ wat op sy beurt onder andere soos volg verklaar word: “complete, perfect, without spot, undefiled”¹ en “unmixed, pure”³⁷. Volgens die “Dake's Annotated Reference Bible”¹¹ beteken “tâmîyn”

^aGrieks = “dikaiōs” wat ook as heilig¹ (apart) verklaar word (sien [voetnota^a](#) bl 70) en in die konteks van die vers kan die woord hier op apartheid dui.

^bIndien 'n persoon uit God gebore is, is Sy saad/gene (sperme/nageslag¹ - sien [I Joh 3:9](#) - bl 63) in hom en kan die saad/gene nie vermeng nie. So 'n persoon kan dus nie teen homself sondig (verbaster) nie, want hy gaan met daardie saad/gene graf toe (*onverganklike saad* - I Pet 1:23). Sodra die persoon egter 'n basternageslag verwek, is die saad/gene vermeng (sondig). Hierdie saad is dan verganklik (sien I Pet 1:23), want *elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie* (die onkruid), *sal ontwortel word* (Matt 15:13).

“bodily perfection, not moral; without blemish; of pure stock” en verklaar voorts dat dit 'n tegniese woord vir liggaamlike volmaaktheid (“perfection”), en nie vir geestelike volmaaktheid is nie. (Die woord word in die Ou Testament vir offerdiere gebruik wat sonder gebrek moes gewees het - Ex 12:5 & Eség 43:22)¹¹. Noag was dus raseg (“...of pure stock/unmixed/pure”).

Saam hiermee word die rede vir die sondvloed ook aangegee:

Gén 6:12 *Toe sien God die aarde aan, en - dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.*

13 *En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld...*

Met Noag wat opreg/raseg onder sy tydgenote was, dui die vleeslike verdorwenheid op vermenging tussen die dogters van die mens en die seuns van God, of te wel die gevalle engele^a (sien ook oor die [saadlyne](#) - bl 1948 & [Gén 6:1-2](#) - bl 8378 & [Gén 6:4](#) - bl 8378). Dake¹¹ verklaar dat dit beteken dat Noag en sy familie die enigste suiwer Adamiete op daardie tydstep was en gee ook 'n volledige Bybelse uiteensetting van die verbastering. Daar word onder andere op die onwetenskaplikheid gewys dat die reuse die nageslag van gewone mans en vrouens kon gewees het en dat dit wel engele was wat die reuse verwek het, soos deur Petrus en Judas verduidelik word.

II Pet 2:4 *Want as God **die engele wat gesondig het**, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word;*
5 *en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar Noag, die prediker van geregtigheid^b, met sewe ander bewaar het toe Hy die*

^aDie uitdrukking is van die Hebreeus woord vir reuse (“nephîyl”) afgelei wat “gevallene” beteken¹. Dié reuse was die nageslag van hierdie seuns van God.

^bGrieks = “dikaiōs” wat ook as heilig¹ (apart) verklaar word (sien [voetnota^a](#))

- Jud 1:6 *sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring het; **En die engele wat hul eie beginsel nie bewaar het nie**, maar hul eie woning verlaat het, het Hy vir die oordeel van die groot dag met ewige boeie onder die duisternis bewaar;*
- Jud 1:7 *soos Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle, **wat op dieselfde manier as hierdie mense gehoereer en agter vreemde vlees aan geloop het**, as 'n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.*
- 8 *Tog besoedel ook hierdie mense net so in hul dromerye die vlees en verag die heerskappy en laster die heerlike wesens.*
- Die apokriewe boek van Henog⁹ bevestig ook hierdie vermenging. (Dieselfde gebeurtenis word ook in die werke van Josefus beskryf⁴²).
- Henog 6:1 “And it came to pass when the children of men had multiplied that in those days were born unto them beautiful and comely daughters.”
- 2 “And the angels, the children of the heaven, saw and lusted after them, and said to another: “Come, let us choose us wives from among the children of men and beget us children”.” (*Toe die mense op die aarde begin vermeerder en daar vir hulle dogters gebore is, sien die seuns van God dat die dogters van die mense mooi was, en hulle het vir hulle as vroue geneem almal wat hulle verkies het.* - Gén 6:1-2).
- Henog 7:1 “And all the other together with them took unto themselves wives, and each chose for himself one, and they began to go unto them and defile^a themselves with them, ...
- 2 “And they became pregnant, and they bare great giants, ...” (*In dié dae was die reuse op die aarde, en ook daarna, toe die seuns van God by die dogters van die mense ingegaan en dié*

bl 70) en in lig van die engele se sonde (verbastering), kan die woord hier op apartheid dui.

^aIn teenstelling met **Noag** wat “undefiled” was - sien bl 76.

vir hulle kinders gebaar het. Dit is die geweldiges uit die ou tyd, die manne van naam. - Gén 6:4).

Vermenging/verbastering het gevolglik tot die sondvloed aanleiding gegee. Noag is egter gespaar omdat hy en sy familie **rasegte Adamiete** was (sien bl [8176-8478](#)). Adam is op sy beurt juis geskape omdat Jahweh 'n geslag van God gesoek het ([Mal 2:15](#) - bl [8075](#)), waar Noag weer volgens die apokriewe boek van Jasser (Die Boek van die Opregte)³³, uitgekies is om dié geslag voort te sit.

Jasser 5:13 “And Noah was a just man, he was perfect in his generation,
**and the Lord chose him to raise up seed from his seed upon
the face of the earth.”**

Net soos in die tyd van Noag (sien Matt 24:37), sal daar met die wederkoms *Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, ...ontwortel word* (Matt 15:13); *maar Israel sal Hy bou en nie afbreek nie, en hulle plant en nie uitruk nie* (Jer 24:6).

Die Leer van Bileam

Die Bybel waarsku ernstig teen die leer van Bileam (II Pet 2:15, Jud 1:11 & Open 2:14) en noem dit in dieselfde asem as die leer van die Nikolaïete, dié leer wat God haat (Open 2:6 & 15). Wat behels die leer van Bileam egter?

Die raad van Bileam aan Balak was om met Israel vriende te maak sodat Israel kan hoereer (vermeng) met die gruwelike volke (Moabiete) en afgodery bedryf (sien Open 2:14). Israel se God sal hulle dan self straf. Dit het ook so gebeur en Israel is met 'n plaag getref.

Num 25:1 *Toe Israel in Sittim gebly het, het die volk begin hoereer met die dogters van die Moabiete -*

2 *dié het die volk na die offers van hulle gode uitgenooi; en die volk het geëet en hulle neergebuig voor hulle gode.*

3 *So het Israel hom dan gekoppel aan Baäl-Peor, en die toorn*

van die HERE het teen Israel ontvlam.

Die leer van Bileam (maak vriende om te vermeng en afgodery te bedryf) en die wese van humanisme (vryheid, gelykheid en broederskap) stem basies ooreen. Dit handel oor die vryheid van assosiasie (maak vriende; *dié het die volk ...uitgenooi* - Num 25:2), gelykheid van alle godsdienste (afgodery; *...neergebuig voor hulle gode* - Num 25:2) en broederskap met alle nasies (vermenging; *...hoereer met die dogters van die Moabiete* - Num 25:1). Die kerk verkondig egter oop lidmaatskap (vryheid), 'n evangelie dat die Messias vir alle mense gesterwe het en sendingwerk onder alle volke moet plaasvind (gelykheid) en rasgemengde huwelike (broederskap). Waarop is hierdie leerstellings van die kerk gegrond? Op die evangelie van Jahshua, die Heilige van Israel of op die leer van Bileam?

Die erns van die oortreding van Israel te Sittim lê egter nie net opgesluit in die plaag waarmee hulle getref is nie, maar in die opdrag wat Moses moes uitgevoer het voordat die plaag afgewend is.

- Num 25:4 *Toe sê die HERE vir Moses: Neem al die hoofde van die volk en hang die oortreders op in die volle son vir die HERE, sodat die toornloed van die HERE van Israel afgewend kan word.*
- 5 *Daarop het Moses aan die rigters in Israel gesê: Slaan elkeen sy manne dood wat hulle aan Baäl-Peor gekoppel het.*
- 6 *En daar het 'n man gekom, een uit die kinders van Israel, en 'n Midianitiese vrou na sy volksgenote gebring, voor die oë van Moses en voor die oë van die hele vergadering van die kinders van Israel, terwyl hulle ween by die ingang van die tent van samekoms.*
- 7 *Toe Pínehas, die seun van Eleásar, die seun van die priester Aäron, dit sien, het hy uit die vergadering uit opgestaan en 'n spies in sy hand geneem*
- 8 *en agter die Israelitiese man aan gegaan in die tent en hulle twee deurboor, die Israelitiese man en die vrou, in haar onderlyf. Daarna het die plaag onder die kinders van Israel opgehou.*

Ons sien hier hoe die Israeliet en sy Midianitiese vrou by die tent van samekoms kom grens het. Die twee moes oor hulle sondes berou gehad het. Hulle kom na die tent van samekoms, waarskynlik om boete te doen, om vir die hoëpriester te vra om by die allerheiligste van die tabernakel in te gaan en vergifnis vir die volk se sondes te smek. (Onder die Ou Testament het die hoëpriester vir die sondes van die volk ingetree - sien Hebr 9). Maar nee, Aäron doen dit nie; sy kleinseun staan op, nie om die twee berouvolle sondaars te bekeer nie, maar hy vat 'n spies en deurboor hulle. Hy maak hulle dood en die plaag hou op! Wreed? Onmenslik? On-Christelik? Jahweh sluit egter 'n vredeverbond met Pínehas, omdat hy deur dié daad *vir sy God geywer en versoening vir die kinders van Israel gedoen het* (Num 25:13). Die verdere gevolg van hierdie afstootlike humanistiese Bileamsleer is dat daar vergeet word met watter God ons te doen het.

Jer 48:10 *Vervloek is hy wat nalatig is om die werk van die HERE te doen; ja, vervloek is hy wat sy swaard van bloed terughou!*

Nah 1:2 *'n Jaloerse God en 'n wreker is die HERE, 'n wreker is die HERE, en vol grimmigheid; 'n wreker is die HERE vir sy teëstanders, en Hy behou die toorn teen sy vyande.* (Sien ook Ex 20:5 - bl [10396](#)).

Die Verleiers

Die kerkleiers (verleiers?) sê Jahshua het alles verander - die onveranderlike God wat verander omdat Hy “vrymagtig” is. Selfs gevalle uit die Ou Testament word gebruik (verdraai) om verdere “geloofwaardigheid” aan die argument te verleen. So beweer 'n NG teologiese professor (prof Murray Janson) dat Jahshua 'n baster was weens Rut en Ragab wat in Sy geslagsregister is, dat Moses 'n Kusitiese (Ethiopiese of swart) vrou gehad het en maak die baster van Deut 23:2 af as 'n jammerlike vertaling²². Ander gevalle en begrippe, soos die vreemdeling (Ex 12:48), die Edomiet en Egiptenaar wat jou broer is (Deut 23:7-8), koning Hiram van Tirus (I Kon 5), Egipte en Assirië as volk en maaksel van Jahweh (Jes 19:25), Jona wat die Nineviërs

bekeer het, die Ethiopiese hofdienaar (Hand 8), naaste (Mark 12 & Luk 10 - die barmhartige Samaritaan), die Kananese vrou (Matt 15 & Mark 7) en die Samaritaanse vrou (Joh 4), word ook dikwels gebruik om die uitverkiesing en afsondering van Israel ongedaan te maak.

Die Vreemdeling

Volgens Ex 12:48 mag die vreemdeling van die pasga eet in teenstelling met die uitlander wat nie van die pasga mag eet nie (Ex 12:43). Die vreemdeling (Hebreeus = “gêr”) beteken 'n vreemde gas of reisiger¹. Uitlander, hierteenoor beteken vreemde (Hebreeus = “neker”) nasie (Hebreeus = “bên”: “a son as a builder of the family name in the widest sense ...including subject, nation...”) ¹. Die vreemdeling moes hom net laat besny het voordat hy van die pasga geëet het (Ex 12:48). So word daar ook na Israeliete uit ander stamme as vreemdelinge verwys.

Rig 17:7 *En daar was 'n jongman van Betlehem-Juda, uit die geslag van Juda; hy was 'n Leviet wat daar as vreemdeling vertoef het.*

Rig 19:1 *...En 'n Levitiese man het as vreemdeling vertoef agter in die gebergte van Efraim; ...*

II Kron 15:9 *Daarop vergader hy die hele Juda en Benjamin, ook die vreemdelinge wat uit Efraim en Manasse en uit Símeon by hulle was; ...*

Dié vreemdelinge was derhalwe Israeliete. Net so is daar vandag nog steeds Israeliete in verstrooiing, *vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte* (Ef 2:12).

In Jes 56:3 & 6 word ook na uitlanders verwys wat hulle by Jahweh aangesluit het. Terselfdertyd verwys Jes 60:10 & 61:5 na uitlanders wat Israel se mure sal bou, sy vee sal oppas en sy landbouers sal wees. Hierdie gedeeltes moet in konteks met die betrokke hoofstukke gelees word asook met die van die hele Bybel. Jes 56 kan dan ook net na Israeliete in verstrooiing verwys en ook met

Ef 2:12 (bl 5754) in verband gebring word. In teenstelling hiermee verwys die uitlanders van Jes 60 & 61 na nie-Israeliete en kan met Lev 25 in verband gebring word.

Lev 25:44 *Wat jou slaaf of slavin aangaan wat aan jou sal behoort - van die nasies wat rondom julle is, van hulle mag julle 'n slaaf of slavin koop.*

45 *En ook van die kinders van die bywoners wat by julle vertoef - van hulle mag julle koop en van hulle geslag wat by julle is, wat hulle in julle land verwek het; en dié sal vir julle 'n besitting wees.*

46 *En julle mag dié aan julle kinders ná julle nalaat as 'n erflike besitting; vir ewig mag julle hulle laat dien. Maar oor julle broers, die kinders van Israel, die een oor die ander - oor hom mag jy nie met hardheid heers nie.*

Probleemtekste moet by die tema van die Bybel inpas en nie andersom nie.

Die Baster

In Deut 23 word onder andere die volgende mense in die vergadering van Jahweh uitdruklik verbied:

Deut 23:2 *Geen baster mag in die vergadering van die HERE kom nie; selfs sy tiende geslag mag in die vergadering van die HERE nie kom nie. (Dus nooit!).*

In prof Janson²² se stelling oor die baster van Deut 23 (sien [Die Verleiers](#) - bl 8684) gee hy die Hebreeuse woord naamlik “mamzer” weer. Hy het dus die woord in die woordeboek of konkordansie nageslaan, maar verklaar die woord aan die hand van die vertaling in die Engelse Bybel naamlik “bastard”. “Bastard” beteken egter nie net 'n buite-egtelike kind, soos wat prof Janson voorgegee het nie, maar ook onder andere “oneg” en “baster”¹⁷. “Mamzer” verwys egter spesifiek na bloedvermenging naamlik “to alienate; a mongrel, i.e. born of a Jewish father and a heathen mother”¹. Die weergawe in die Engelse Bybel is dus 'n jammerlike vertaling.

Moses

Die verwysing na Moses se Kusitiese vrou, met die bedoeling dat Jahweh Sy seën oor gemengde huwelike uitspreek²², skiet ook ver te kort aan die nodige kennis. Die Bybel gee net 'n verwysing na Moses se Kusitiese vrou (Num 12), sonder om die omstandighede uit te wys of te sê wie sy was. Die volle verhaal is egter in buite Bybelse boeke opgeteken naamlik in die werke van Josefus⁴², die Joodse geskiedskrywer en die apokriewe boek van Jasser (Die Boek van die Opregte)³³. Hiervolgens was die troue 'n politieke troue, waar Moses as koning aangestel is in die plek van die Kusitiese koning (Kikianus) wat dood is en dié se koningin (Adoniah) vir Moses as vrou gegee is.

Jasser 73:31 “And they placed the royal crown upon his head, and they gave him for a wife Adoniah the Cushite queen, wife of Kikianus.”

32 “**And Moses feared the Lord God of his fathers so that he came not to her, nor did he turn his eyes to her.**”

33 “For Moses remembered how Abraham had made his servant Eliezer swear, saying unto him, thou shalt not take a woman from the daughters of Canaan for my son Isaac.”

Jasser 73:36 “Therefore Moses turned not his heart nor his eyes to the wife of Kikianus all the days that he reigned over Cush.”

37 “Therefore Moses feared the Lord his God all his life, and Moses walked before the Lord in truth, with all his heart and soul, he turned not from the right or to the left, in which Abraham, Isaac and Jacob had walked.”

Na 40 jaar het Adoniah vir die Kusiete gevra om Moses van sy koningskap te ontnem.

Jasser 76:5 “Surely you know that for 40 years that this man has reigned over Cush **he has not approached me**, nor has he served the gods of the children of Cush.”

Moses is hierna na Midian waar hy sy vrou Sippóra ontmoet het. Sy was ook

nie 'n Midianiet nie, want Israel is met 'n plaag getref nadat hulle met Midianiete vermeng het (sien [Num 25:6-8](#) - bl [8580](#)). Vanuit Jasser 73 is dit ook duidelik dat Moses nie met 'n nie-Israeliet sou getrou het nie.

Ragab

Ragab die hoer, was volgens prof Janson 'n Kanaäniet²². Was sy wel dieselfde persoon wat in die geslagsregister van Jahshua in Matt 1:5 vermeld word? Daar het egter ongeveer 140 jaar vanaf die val van Jerigo tot Boas en Rut verloop³⁵. Ragab was die moeder van Boas (Matt 1:5). Hiervolgens moes Ragab 'n baie jong meisie met die intog in Kanaän gewees het. (Sekerlik nie jonger as 12 jaar om 'n hoer te kan wees nie). Boas moes terselfdertyd redelik oud gewees het toe hy met Rut getrou het. As aanvaar word dat hy op daardie tydstep 70 jaar oud was, moes Ragab minstens 82 jaar gewees het toe Boas gebore is. Die spelling van Ragab in Matt 1:5 verskil in die Grieks van Hebr 11:31 en Jak 2:25 waar dit “Raab” gespel word¹. Kan dit dieselfde persoon wees as al die gegewens in ag geneem word?

Indien “Ragab” en “Raab” wel dieselfde persoon was, moes sy 'n Israeliet gewees het weens Bybelse wettelike redes.

Gén 9:25 ...**Vervloek is Kanaän!** 'n Kneg van die knegte moet hy wees vir sy broers.

Gén 24:3 *dat ek (Abraham) jou kan laat sweer by die HERE, die God van die hemel en die God van die aarde, dat jy vir my seun **geen vrou sal neem uit die dogters van die Kanaäniete** onder wie ek woon nie;*

4 *maar dat jy na my land en my familie sal gaan om vir my seun Isak 'n vrou te neem.*

Jos 23:7 *dat julle met hierdie nasies wat met julle saam oorgebly het, nie meng nie; ...*

Esra 9:1 *En toe dit klaar was, het die owerstes na my gekom en gesê: Die volk van Israel en die priesters en die Leviete het hulle nie*

*afgesonder van die volke van die lande, wat hulle gruwels betref nie, naamlik van die **Kanaäniete**, Hetiete, Feresiete, Jebusiete, Ammoniete, Moabiete, Egiptenare en Amoriete.*

- 2 *Want hulle het van hulle dogters vir hulleself en vir hul seuns geneem, sodat die heilige geslag hom met die volke van die lande vermeng het; en die owerstes en die leiers het in hierdie ontrou eerste die hand gehad. (Sien ook [Deut 23:2](#) - bl [8883](#) & [Jos 23:12-13](#) - bl [7772](#)).*

Sag 14:21 *...en in dié dag sal daar **geen Kanaäniet** in die huis van die **HERE** van die leërskaare meer wees nie.*

As Abraham, Joshua en Esra nie vermenging met die Kanaäniete geduld het nie, waarom sou Jahweh, die Wetgewer, toelaat of sorg dat Hy uit 'n Kanaänitiese bastergeslag kom? Vermenging is 'n onomkeerbare daad en hierdeur sou Hy 'n bespotting van Sy wet maak (*Geen baster mag in die vergadering van die **HERE** kom nie.* ... - Deut 23:2). 'n Baster (die produk van 'n sondige daad) kan nie weer suiwer word nie, in teenstelling met 'n sondaar wat sy sondes kan aflê.

Esra 10:2 *...Ons het ontrou gehandel teen onse God, **dat ons vreemde vroue uit die volke van die land getrou het; maar tog is daar nog hoop vir Israel in hierdie saak.***

- 3 *Laat ons dan nou 'n verbond met onse God sluit om **al die vroue en wat uit hulle gebore is, weg te stuur** volgens die raad van my heer en van die wat beef vir die gebod van onse God, **en laat volgens die wet gehandel word.***

Volgens Jos 2:21 het Ragab 'n rooi lyn aan die venster vasgebind. Die enigste ander plek in die Bybel wat na 'n rooi lyn/draad verwys is met die geboorte van Juda se seuns.

Gén 38:28 *En terwyl sy baar, het een die hand uitgesteek; en die vroedvrou het dit gegryp en 'n rooi draad om sy hand gebind en gesê: Hierdie een is eerste gebore.*

- 29 *Maar toe hy sy hand teruggetrek het, word sy broer gebore! En sy sê: Hoe kragtig het jy deurgebreek! En hulle het hom*

Peres genoem.

30 *En daarna is sy broer gebore aan wie se hand die rooi draad was. En hulle het hom Serag genoem.*

Geen begrip of woord in die Bybel is toevallig nie, net soos die rooi lint van Ragab en Serag nie toeval is nie. Ragab was waarskynlik 'n vreemdeling en van Serag se nageslag. Israeliete het tydens hulle slawediens in Egipte en moontlik vroeër alreeds verstrooi, want waar was die vreemdelinge van Ex 12:48 orals nie? Moses se vrou, Sippóra was byvoorbeeld van die landstreek Midian en Moses het self 40 jaar in Kus vertoef (sien [Moses](#) - bl [8983](#)).

Al die argumente oor die tydsaspek, die spelling en die rooi lyn kan as spekulatief afgemaak word, maar op grond van al die Bybelse wette van 'n onveranderlike God is dit egter kwaadwillig om te beweer dat Jahshua uit 'n bastergeslag kom - dit net om rasgemengde huwelike vanuit 'n gelykheids-teologie te regverdig.

Rut

Volgens Rut 1:4 was Rut sogenaamd 'n Moabiet (*En hulle het vir hulle Moabietse vroue geneem; ...*). Die stelling is al dikwels gemaak dat enige iets vanuit die Bybel bewys kan word. Dit is waarskynlik waar indien 'n teks in isolasie gesien word. (Net so kan enige iets ook met die wetenskap bewys word, indien 'n bepaalde wetenskaplike feit in isolasie beskou word). Indien 'n teks “teenstrydig” met die algemene boodskap van die Skrif is, moet dit egter in die lig van die ganse Skrif ondersoek word. Die vraag moet inderdaad gevra word of Rut wel 'n Moabiet was?

Volgens Rut 1:1 het Naomi-hulle in die veld van Moab vertoef. Hierdie gebied is as erfdeel deur Moses aan die stam Ruben, Gad en Manasse gegee.

Jos 13:23 *So was dan die grens van die kinders van Ruben: die Jordaan saam met sy gebied; dit was die erfdeel van die kinders van Ruben volgens hulle geslagte, die stede met hulle dorpe.*

- 24 *En Moses het aan die stam van Gad, gegee volgens hulle geslagte;*
- 25 *sodat hulle die grondgebied ontvang het van Jaéser en al die stede van Gílead en die helfte van die land van die kinders van Ammon, tot by Aroër wat teenoor Rabba lê,*
- 26 *van Hesbon af tot by Ramat-Mispe en Bétonim; en van Mahanáim af tot by die grens van Lídbir;*
- 27 *en in die dal: Bet-Haram en Bet-Nimra en Sukkot en Safon, die oorblyfsel van die koninkryk van Sihon, die koning van Hesbon, die Jordaan saam met sy gebied, tot by die uiteinde van die Kinéretsee, oorkant die Jordaan na die ooste toe.*
- 28 *Dit is die erfdeel van die kinders van Gad volgens hulle geslagte, die stede met hulle dorpe.*
- 29 *Verder het Moses aan die halwe stam van Manasse gegee; sodat die halwe stam van die kinders van Manasse ontvang het volgens hulle geslagte -*
- 30 *hulle grondgebied was: van Mahanáim af, die hele Basan, die hele koninkryk van Og, die koning van Basan, en al die Jaïrsdorpe in Basan, sestig stede;*
- 31 *en die halwe Gílead en Astarot en Edréï, stede van die koninkryk van Og in Basan, aan die kinders van Magir, die seun van Manasse - aan die helfte van die kinders van Magir volgens hulle geslagte.*
- 32 ***Dit is wat Moses as erfenis uitgedeel het in die vlaktes van Moab, oos van die Jordaan van Jérigo teen die ooste;***
(Vergelyk gerus die plekke op die betrokke kaart agter in meeste Bybels).

Tydens Nehemia se terugkeer na Israel is die gebied weer in besit geneem.

Neh 9:22 *En U het aan hulle koninkryke en volke gegee en dié volgens bepaalde grense verdeel; en hulle het die land van Sihon, ja, die land van die koning van Hesbon, en die land van Og, die koning van Basan, in besit ge neem. (Vergelyk Jos 13:26-27 - bl [9387](#) & 13:30-31 - bl [9387](#)).*

Hiervolgens kom Rut dus uit Israelitiese grondgebied wat as die landstreek Moab bekend gestaan het.

Sou Jahweh gesorg het dat Hy uit 'n Moabitiese bastergeslag kom as Hyself die volgende wette neergelê het?

Deut 23:3 *Geen Ammoniet of **Moabiet** mag in die vergadering van die **HERE** kom nie, selfs hulle tiende geslag mag **nooit** in die vergadering van die **HERE** kom nie;*

I Kon 11:1 *En koning Salomo het baie uitlandse vroue liefgehad; en wel behalwe die dogter van Farao, **Moabitiese**, Ammonitiese, Edomitiese, Sidoniese, Hetitiese -*

2 *uit die nasies waarvan die **HERE** aan die kinders van Israel gesê het: **Julle mag nie met hulle meng nie, en hulle mag nie met julle meng nie**, hulle sal voorwaar julle hart verlei agter hulle gode aan - Salomo het hulle met liefde aangehang.*

Esra 9:1 *...Die volk van Israel en die priesters en die Leviëte het hulle nie afgesonder van die volke van die lande, wat hulle gruwels betref nie, naamlik van die Kanaäniete, Hetiëte, Feresiëte, Jebusiëte, Ammoniete, **Moabiëte**, Egiptenare en Amoriëte.*

2 ***Want hulle het van hulle dogters vir hulleself en vir hul seuns geneem, sodat die heilige geslag hom met die volke van die lande vermeng het;** ... (Sien ook Deut 23:2 - bl 8883).*

Neh 13:1 *...dat geen Ammoniet of **Moabiet** tot in ewigheid in die vergadering van God mag kom nie,*

Met dié wette in gedagte, asook die lossingsreg wat Boas op Rut toegepas het (Rut 4:3-10; sien ook **VERLOSSING** - bl 1244) en dat sy uit Israelitiese grondgebied gekom het, kon Rut net 'n Israeliet gewees het. 'n Professor in die teologie wat sewe jaar voltyds studeer het, nagraadse studies voltooi het en jare in die bediening as 'n “leraar” van 'n gemeente was, behoort van beter te weet as om gemengde huwelike vanuit Rut te regverdig²². Prof Janson se stellings oor Moses, Ragab en Rut is waarskynlik verskoonbaar, maar oor die baster het hy die waarheid omseil en 'n valse voorstelling van die woord “mamzer” gegee.

Naaste

Die begrip naaste word deur die kerk ongekwalfiseerd gebruik om jou medemens, ongeag ras, kleur en kultuur, aan te dui. Kan die begrip wel so wyd verstaan word, veral in die lig daarvan dat die vyande van God gehaat moet word? (Ps 139:21-22 - bl [10598](#)).

In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan (Luk 10:25-37) verduidelik Jahshua die begrip naaste. Die Samaritaan het 'n beroofde man gehelp, waar 'n Leviet en 'n priester dit nie gedoen het nie. Jahshua vra dan die vraag aan die wetgeleerde wie van die drie die beroofde man se naaste was. (Met ander woorde al drie was nie sy naaste nie). Na aanleiding van sy antwoord dat die Samaritaan die beroofde man se naaste is, sê Jahshua nie vir die wetgeleerde dat hy verkeerd is nie, maar sê slegs: **Gaan en doen jy net so** (Luk 10:37). Dus, **indien** 'n persoon jou naaste is, soos die woord in die Bybel beteken, moet jy barmhartigheid aan hom bewys.

Die begrip naaste word dan ook elders in die Bybel gekwalifiseer.

Lev 19:16 *Jy mag nie as 'n kwaadspreker onder jou **volksgenote** rondloop nie. Jy mag nie teen die lewe van jou naaste optree nie. ...*

17 *Jy mag jou **broer** in jou hart nie haat nie. Jy moet jou naaste vrymoedig berispe, ...*

18 *Jy mag nie wraakgierig of haatdraend teenoor **die kinders van jou volk** wees nie, maar jy moet jou naaste liefhê soos jouself. ...*

Jer 19:9 *En Ek sal hulle die vlees van hulle **seuns** en die vlees van hulle **dogters** laat eet, en hulle sal elkeen die vlees van sy naaste eet,...*

Hand 7:26 *...Manne, julle is **broers**; waarom doen julle mekaar onreg aan?*

27 *Maar hy wat sy naaste onreg aangedoen het, het hom afgestoot ...*

Jou broer, jou volksgenoot, die kinders van jou volk, jou seuns en jou dogters is daarom jou naaste. Twee woorde in die Hebreeus word vir naaste gebruik, naamlik “rêa” of “rêya” (Lev 19:18) en ook “âmîyth” (Lev 19:17). Dit beteken onderskeidelik “an associate (more or less close)” en “to associate; companionship; a comrade or kindred man”¹. Die Grieks vir naaste (“plēsiōn”) beteken “a neighbor i.e. fellow (as man, countryman)”¹. (Dit is opvallend hoe baie terminologie van die Bybel na bloedverwantskap verwys!) Dit is gevolglik duidelik dat jou naaste jou mede-Israeliet is en verwys nie na ander rasse met die verste verwantskap nie.

Ander Gevalle

Ander gevalle wat aangegryp word om 'n gelykheidsewangelie te verkondig, is die van koning Hiram van Tirus (I Kon 5 & II Kron 2:11-14), Jona wat die Nineviërs bekeer het, die Edomiet en Egiptenaar wat jou broer is (Deut 23:7-8), Egipte en Assirië wat Jahweh se volk en maaksel is (Jes 19:25), die Kananese vrou (Matt 15:21-28 & Mark 7:24-30), die Samaritaanse vrou (Joh 4:1-30) en die Ethiopiese man (Hand 8:26-40).

Net soos Josef, Moses en Daniël heersers (konings) vir ander volke was, was Hiram koning van Tirus. Hiram was egter ook 'n Israeliet, want *Hy was die seun van 'n weduweevrou uit die stam van Naftali* (I Kon 7:14). Daar word op verskeie plekke in die Bybel na ‘n persoon verwys in terme van die landstreek waar hy woonagtig of afkomstig is, sonder om sy genetiese herkoms of sy volks-identiteit te meld. (Die gebruik is vandag nog algemeen). So was Moses 'n Israeliet na wie as 'n Egiptenaar verwys is (Ex 2:19). Dieselfde het ook in [Rut](#) (bl [9286](#)), die [Samritaanse vrou](#) (Joh 4 – bl [4139](#)) en die [Ethiopiese man](#) (Hand 8 – bl [4442](#)) se gevalle gegeld.

Jona het so ook na Israeliete in ballingskap in Ninevé gegaan. Ninevé was 'n

ontsaglike groot stad, drie dagreise te voet (Jona 3:3). As Ninevé, met sulke afmetings, met 'n stad soos Pretoria of Johannesburg vergelyk word, was 120 000 mense (Jona 4:11) beslis net 'n fraksie van die bevolking. Hierdie 120 000 mense *wat die onderskeid tussen hulle regter- en hulle linkerhand nie weet nie* (Jona 4:11), was waarskynlik slegs die bannelinge (vervreemde Israeliete?) in die stad. Uit die Deutro-Kanonieke boek van Tobias⁵ kom dit wel na vore. Die vervolgings van Israeliete in Ninevé en vermanings van Tobias aan sy seun om met 'n vrou uit sy eie stam te trou, asook om uit Ninevé pad te gee weens Jona se profesie oor die vernietiging van die stad, word onder andere beskryf.

Deut 23:7-8^a bots lynreg met verskeie ander tekste onder andere die volgende:

Ex 11:7 ...dat julle kan weet dat die *HERE* 'n onderskeid maak tussen die Egiptenaars en die Israeliete. (Sien ook Eség 29-32).

Joël 3:19 *Egipte sal 'n woesteny word, en Edom 'n woeste wildernis wees, weens die geweld wat hulle die kinders van Juda aangedoen het, dat hulle onskuldige bloed in hul land vergiet het.*

Mal 1:4 ...Die volk (Edom) waarop die *HERE* vertoornd is tot in ewigheid! (Sien ook [Eség 25:12-14](#) - bl [2625](#), [Eség 35:15](#) - bl [2625](#) & [Eség 36:5](#) - bl [2725](#), Eség 35:1-14 & Obad 1).

Hiervolgens, asook volgens die res van die Skrif, kan gevra word of Deut 23:7-8 nie 'n byvoegsel is nie? Die doel van so 'n byvoegsel kon waarskynlik gewees het om die integrasie van die [Edomiete in Juda](#) (135-105 V.C. - sien bl [2220](#)) te regverdig, net soos wat [Deut 23:2](#) (sien bl [8883](#)) in die nuwe vertaling van die Afrikaanse Bybel verander is om die afgelope byna vier dekades se politieke ontwikkeling in Suid-Afrika te regverdig. Voorts is die derde geslag van Deut 23:8 in elk geval nie bepaalbaar nie, want vanaf watter geslag begin

^a*Die Edomiet moet jy nie as 'n gruwel beskou nie, want hy is jou broer; die Egiptenaar moet jy nie as 'n gruwel beskou nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land. Kinders wat vir hulle in die derde geslag gebore word, mag in die vergadering van die HERE kom.*

die telling? Indien die derde geslag op vermenging dui, bots dit weer met Deut 23:2 en wat is die logika om die eerste en tweede geslag uit te hou?

Jes 19:25^a bots ook met die res van die Skrif, want slegs Israel is Jahweh se volk en maaksel.

Ps 135:12 *en hulle land as erfdeel gegee het, as erfdeel aan **Israel**, sy volk.* (Sien ook **UITVERKIESING** - bl 65).

Jes 43:1 *Maar nou, so sê die **HERE**, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: ...* (Sien ook Jes 43:15 - bl 4038, Jes 44:2 - bl 1846, Jes 44:21 - bl 2826, Jes 44:24 - bl 1342 & Jes 45:11 - bl 87).

In die lig hiervan en ook die res van die Bybel, moet Jes 19:25 eerder lees: "...my volk **in** Egipte en my maaksel **in** Assirië ...". "The International Critical Commentary"¹⁵ bevestig die vertolking en gee dit weer as "Blessed is my people which is in Egypt, and which is in Assyria and the land, my inheritance, Israel." Volgens dieselfde naslaan bron gee die Targum ("The Jewish Aramaic Version") die teks as 'n parafrase soos volg weer: "Blessed is my people whom I brought out of Egypt, whom because they sinned before me I exiled to Assyria; but when they repented they were called my people and my inheritance, Israel." Jesaja profeteer hier buitendien in terme van 'n sinnebeeld, soos hy kort na hierdie teks wel verklaar.

Jes 20:3 *Daarop het die **HERE** gesê: Soos my kneg Jesaja naak en kaalvoet geloop het, drie jaar lank, as teken en sinnebeeld met betrekking tot Egipte en Kus,*

Die **Kananese vrou** (Matt 15 & Mark 7 - bl 4239), die **Samaritaanse vrou** (Joh 4 - bl 4139) en die **Ethiopiese man** (Hand 8 - bl 4442) is reeds behandel. Die laas- genoemde twee gevalle dui op Israeliete (sien ook **tweede paragraaf** onder Ander Gevalle - bl 9690), waar eersgenoemde in teenstelling met wat algemeen aanvaar word, nie op bekering en barmhartigheidsdienste vir alle

^a...Geseënd is my volk Egipte en my maaksel Assirië en my erfdeel Israel!

nasies dui nie.

Met al die gevalle word vanuit kerklike kringe gepoog om die volk met die leer van Bileam te verlei. Deur hierdie eerste stap van heiligmaking, naamlik die afsondering van Israel as volk, nie na te kom nie, is alle ander vorms van heiligmaking sinloos en waardeloos. Elke protestantse kerk kan homself gerus afvra of hy nie ook soos die Roomse kerk, deel het aan die vernietiging van Israel (die bruid) deur middel van integrasie nie. Hierdeur word met die Satan meegewerk om die wederkoms te verhoed.

Jes 3:12 ...o *My volk, jou leiers is verleiërs, en die weg wat jou pad moes wees, het hulle tot 'n dwaalweg gemaak.*

BELYDENIS

Die kerk bely vandag dat apartheid (sien [HEILIGMAKING](#) - bl [7369](#)) die volk se groot sonde is. Wat sê die Skrif egter?

Lev 11:45 *Want Ek is die HERE wat jou uit Egipteland laat optrek het om julle God te wees. So moet julle dan heilig wees, omdat Ek heilig is.*

Daar was 'n hoë peil van sedelikheid en moraliteit in die samelewing toe hierdie volk die apartheidswette gehandhaaf het. Wedersydse respek het teenoor mense bestaan wat selfs oor rassegrense gestrek het, want 'n mens se woord is as sy eer beskou. Dit is egter opvallend dat saam met die afskaffing van die “diskriminerende” wette, 'n verval op alle terreine van die volkslewe ingetree het. Sabbatsontheiliging, wetteloosheid, wanorde, bedrog, openbare geweld, moord, roof, diefstal, plundery, verkragting, hoerery, pornografie, dobbellary, leuens en distansiering van jou volk (verraad) of assosiasie met die vyand, is algemeen en aanvaarbaar.

Daar moet besef word dat die verval op die sedelike terrein saam met die

slagspreuk van “vryheid, gelykheid en broederskap” gaan (sien ook **Die leer van Bileam** - bl [8479](#)). Dit begin met die gelykheidsdogma van geen verskil tussen individue nie en brei dan uit na ander terreine van geen verskille tussen man en vrou, ouer en kind, tussen die rasse en selfs ook tussen die mens en Jahweh nie. Saam hiermee gaan die gelyke regte en die individuele regte. (Deur die uitverkiesing is daar net pligte en geen regte nie, want Jahweh kies uit en nie die mens nie). Hieruit volg die sogenaamde bevryding van die individu waar alles as ‘n reg opge-eis word. “Dit is my reg om te trou met wie en wanneer ek wil, dit is my reg om te skei, dit is my reg om aan te trek soos ek wil, dit is my reg om te dobbel, dit is my reg om met my lewe te maak soos ek wil en ja selfs seksuele voorkeur en oriëntasie is ‘n reg.” Die gesagstrukture stort as gevolg hiervan in duie en die verval tree in. Hierdie sedelike verval (bevryding) en die afskaffing van die sogenaamde diskriminerende wette (gelykmaking) loop saam. Die uit einde is die wêreldse broederskap van alle nasies en godsdienste waardeur die vernietiging van Jahweh se gesags- en skeppingsorde beoog word. Soos in Nehemia se tyd behoort die volk (let wel Israel) weer tot belydenis van dié sondes en 'n terugkeer na die wet van Jahweh opgeroep te word.

Neh 1:6 *...terwyl ek die sondes van die kinders van Israel bely wat ons teen U gedoen het; ook ek en my familie het gesondig.*

Neh 1:7 *Ons het baie verkeerd gehandel teenoor U, en ons het gebooie en insettinge en verordeninge wat U aan Moses, u kneg, beveel het, nie gehou nie.*

Die meeste wat die kerk voorheen gedoen het, was om sy kommer uit te spreek het. Vandag onderskryf die kerk die akte van menseregte en dit is tans die maatstaf en nie die Bybel nie, waar volgens moraliteit bepaal word.

Op alle terreine doen die kerk aan die verval mee, hetsy daadwerklik, passief of stilswyend. Op die politieke terrein is kommunisme nie meer so sleg (krimineel) nie. Kommuniste het nou Marksiste geword wat 'n soort onskadelike, teoreties-akademiese ideologie in teenstelling met kommunisme voorstel. Selfs voor die magsoorname in 1994 was slegs die geweldsaspek van die ANC gekritiseer. Gesprekke is deur 'n klompie safarigangers (waaronder 'n

N.G. teoloog was) met aartskommuniste soos Oliver Tambo gevoer. Die vrylating van kommuniste en die ontbanning van die Kommunistiese Party is deur die kerke geprys. Daar is selfs sover gegaan om die destydse leier van die die Kommunistiese Party, Joe Slovo, die Stellenboschse N.G. gemeente vanaf die preekstoel te laat toe spreek. Beide Mandela en Mbeki het ook al die Algemene Sinodes van die N.G. Kerk toegesprek. Hierdie twee onderdrukkers van die Afrikanervolk verteenwoordig alles wat lynreg teen die Bybel is, maar die N.G. sinodes sing hulle Ps 134:4 toe.

Op die kerklike terrein maak N.G. teoloë die verskille tussen Rooms-katoliek (die groot hoer van Babilon? - Open 17) en Protestant as onbelangrik af. 'n Vorige moderator (prof Johan Heyns) van die Algemene Sinode kon dus die pous besoek, voor hom buig en hom op sy ring soen. So word verskille tussen die Christendom en Moslems, Hindoes of ander heidene ook oor die hoof gesien, want almal aanbid mos god en is deel van dieselfde liggaam en bruid! Indien 'n persoon egter nie sy pêrels (evangelie) vir die varke (nie-Israeliete) wil gooi nie, sal die kerk hom aankla.

Op die kulturele terrein word die afstootlikste sataniese musiek aan die volk as kuns opgedis. In die 1960's het die SAUK geweier om die Beatles se musiek uit te saai op grond van hulle uitsprake oor Jahshua. Niemand sal vandag ontken dat die Beatles se musiek hansomak is in vergelyking met dit wat vandag uitgesaai word. Dit is die einste SAUK wat die soort "kunstenaars" later as helde opgedis het en die N.G. Kerk se Suid-Transvaalse Sinode van 1989 word ontsteld as daar teen die musiek gewaarsku word. Verder het Geloftedag en die volkslied alreeds gedurende die 1980's 'n verleentheid geword. Dit het begin by 'n bevraagtekening, 'n afwating of 'n vergeesteliking hiervan en later is die afskaffing daarvan vanuit kerklike kringe bepleit. Sodoende vier die kerk vandag versoeningsdag wat niks met die Goddelike gelofte van 1838 te make het nie.

Al waaroor die N.G. Kerk in 1990 te Rustenburg en gedurende 1989 te Vereeniging 'n oproep doen, is oor 'n belydenis en boetedoening van

heiligmaking (apartheid). In teenstelling hiermee het Nehemia soos volg belydenis gedoen:

Neh 9:2 *En die afstammeling van Israel het **hulle afgesonder van al die uitlanders**, en hulle het gaan staan en belydenis gedoen van hulle sondes en die ongeregthede van hulle vaders.*

Nehemia doen oor hulle sondes (vermenging) belydenis, maar die kerk veroordeel apartheid! Indien 'n persoon in die dobbelsale en hoerneste van Sun City lê, sal die kerk egter nie optree nie. Die volk ontheilig hom op alle terreine, maar op die terrein waar hy wel heilig was, moet die volk nou ook ontheilig word en belydenis en boete van die sogenaamde sonde doen. Eségiël verwys hierna as gruwels.

Eség 44:6 *En sê aan die wederstrewiges, aan die huis van Israel: So spreek die Here HERE: **Laat dit genoeg wees met al julle gruwels, o huis van Israel!***

7 ***Omdat julle uitlanders ingebring het, onbenedenes van vlees, om in my heiligdom te wees, om dit, my huis, te ontheilig;***

Deur hierdie belydenis van die kerk oor apartheid as sonde, word Jahweh as die God van Israel ontken en saam hiermee die uitverkiesing van Israel as heilige volk. Hierdeur word Jahweh se Naam ook ontheilig.

Eség 36:20 *En toe hulle by die nasies kom waarheen hulle getrek het, het hulle my heilige Naam ontheilig deurdad van hulle gesê is: Hierdie mense is die volk van die HERE, en hulle moes uit sy land uittrek.*

Ten laaste word die vraag dus gestel: Wie bely die kerk, die God van Israel of die god van die wêreld?

I Joh 4:2 *Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;*

3 *en elke gees wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie, is nie uit God nie; en dit is die gees van die Antichris waarvan julle gehoor het dat hy kom, en hy is nou al in die wêreld.*

Hierdie vlees (I Joh 4:2) kan op bloedverwantskap dui¹ (sien ook [II Joh 1:7](#) -

bl [2422](#)). Hiervolgens kan slegs 'n persoon wat van Israelitiese afkoms is en sy Israel-identiteit besef, bely dat Jahshua in bloedverwante vlees gekom het. Die Jode bely in elk geval nie dat Jahshua in die vlees gekom het nie. Hierteenoor bely die kerk weer dat Hy in Joodse vlees gekom het en ontken daardeur dat Jahshua van hulle (kerk) vlees is.

LIEFDE, VERSOENING EN VREDE

